Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU IN DIE BANKETSAAL, MALMESBURY OP WOENSDAG, 18 APRIL 2018 OM 11:00

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, rdv M S I Goliath

Lede van die Burgemeesterskomitee:
Rdl P E Solomons
Rdl O M Stemele
Rdl R F van der Westhuizen
Rdl M van Zyl

Ander raadslede:
Die Speaker, rdl M A Rangasamy

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Bestuurder: Sekretariaat en Rekorddienste, me N Brand

1. OPENING

Rdv M S I Goliath open die vergadering met gebed op versoek van die voorsitter.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die komitee is voltallig.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE

3.1 MEDEDELING DEUR DIE VOORSITTER: ERNS VAN DIE WATER SKAARSTE (16/1/1/7)

Die voorsitter gee die volgende inligting deur:

- Vlak van Voëlvleidam = 13,75%
- Vlak van Misverstanddam = 13,2%

Die voorsitter bevestig dat die toerusting reeds in die Voëlvleidam geïnstalleer is om water na die Swartland inlaatwerke oor te pomp sou dit nodig wees.

Op die oomblik is die grootste uitdaging om water aan dorpe uit die Misverstanddam te lewer –

- t.o.v. Moorreesburg word water d.m.v. 'n aparte pypleiding vanuit die Voëlvleidam na die reservoir in Moorreesburg gelewer;
- t.o.v. die ander dorpe in die Weskus het die Departement van Waterwese besluit om 5 miljoen kubieke meter water uit die Bergrivierdam uit te laat, waarvan 2 miljoen kubieke meter die Misverstanddam binne 5 tot 7 dae sal bereik.

3.1/...

Die voorsitter meld dat alhoewel voedselsekuriteit 'n groot oorweging is om water aan boerderye te voorsien, daar ook landbouers is wat onwettig water uit die Bergrivier en Misverstanddam onttrek.

Die voorsitter bedank die gemeenskap van die Swartland vir die besparings wat bewerkstellig is, en meld dat die krisis veel erger sou gewees het as die gemeenskap nie hul samewerking gegee het nie. Op die waterverbruik van 2011-2015 is daar 'n waterbesparing van tussen 57% en 58%.

Dit is egter belangrik dat die gemeenskap aanhou spaar om te verseker dat daar vir volgende jaar voldoende water sal wees.

VIR KENNISNAME

4. NOTULES

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 14 MAART 2018

BESLUIT

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 14 Maart 2018 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word.

5. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

6. MAANDVERSLAG T.O.V. FEBRUARIE 2018

[Nota: Die prestasie- en finansiële inligting t.o.v. Kwartaal 3 word ingesluit in die artikel 52 MFMA-verslag wat op 26 April 2018 aan die Raad voorgelê sal word, vandaar die voorlegging van slegs addisionele verslae soos van toepassing op die betrokke direktorate.]

6.1 SIVIELE INGENIEURSDIENSTE (7/1/2/2-4)

Die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste behandel die verslag, met spesifieke klem op die waterverbruik wat afneem as gevolg van die waterbesparings wat deur inwoners bewerkstellig word. Die lae waterverbruik het ook 'n invloed op die afloop na die rioolsuiweringswerke en gepaardgaande samestelling van rioolafloop.

Die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste verwys na die grafiek wat handel met die samestelling van vullis, en noem dat dit kommerwekkend is dat die helfte (27%) van huishoudelike vullis (52%) op publieke oop ruimtes verwyder word. Die toename van onwettige storting van huishoudelike vullis op oop ruimtes, ten spyte daarvan dat daar op 'n weeklikse basis vullisverwydering in alle dorpe in die munisipale gebied plaasvind, plaas baie druk op hierdie diens. In die verlede is publieke oop ruimtes op 'n tweejaarlikse basis skoongemaak, maar moet dit nou bykans weekliks geskied.

Die Munisipale Bestuurder noem dat dit belangrik is om die gedragsverandering van inwoners in ag te neem en planne daarvolgens in plek te stel. Dit sal ook nodig wees om na intervensies, bv. onderrig en strenger wetstoepassing te kyk.

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word van die inhoud van die maandverslag van die Direktoraat Siviele Ingenieursdienste vir die periode Februarie 2018;

(b) Dat verder kennis geneem word van die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste se kommer aangaande onwettige storting van vullis op publieke oop ruimtes en dat met in ag neming van die veranderende gedragspatrone van inwoners innoverende planne oorweeg sal moet word om die probleem volhoubaar aan te spreek;

6.2 ELEKTRIESE INGENIEURSDIENSTE (7/1/2/2-6)

Die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste behandel die verslag en word –

BESLUIT dat kennis geneem word van die inhoud van die maandverslag van die Direktoraat Elektriese Ingenieursdienste vir die periode Februarie 2018.

6.3 BESKERMINGSDIENSTE (7/1/2/2-3)

6.3.1 VERKEER- EN WETSTOEPASSINGSDIENS
6.3.2 BRANDWEERDIENS

Die Direkteur: Beskermingsdienste behandel die verslae en verwys daarna dat 446 boetes uitgereik is vir die misbruik van water.

Die voorsitter bedank die Direktoraat Beskermingsdienste vir die waterbewusmakings-veldtogte wat veral onder leerders gedoen word.

BESLUIT dat kennis geneem word van die inhoud van die maandverslae van die Direktoraat Beskermingsdienste vir die periode Februarie 2018.

6.4 ONTWIKKELINGSDIENSTE

Die Direkteur: Ontwikkelingsdienste behandel die verslag en word –

BESLUIT dat kennis geneem word van die inhoud van die maandverslag van die Direktoraat Ontwikkelingsdienste vir die periode Februarie 2018.

7. NUWE SAKE

7.1 TWEEJAARLIKSE VERSLAG VAN DIE MUNISIPALE PRESTASIE EN RISIKO OUDITKOMITEE VIR DIE TYDPERK GEËINDIG 31 DESEMBER 2017 (5/15/1/3)

Die Munisipale Prestasie en Risiko Ouditkomitee vervul sy funksies as ’n onafhanklike adviesliggaam van die Raad ingevolge artikel 166 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, 2003.

Die aangehegte tweejaarlikse verslag bevat geen aanbevelings aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee vir verdere oorweging nie en word –

BESLUIT dat kennis geneem word van die tweejaarlikse verslag van die Munisipale Prestasie en Risiko Ouditkomitee vir die periode geëindig 31 Desember 2017.

7.2 VERSLAG INSAKE DIE IMPLEMENTERING VAN DIE VOORSIENINGKANAAL-BESTUURSBELEID VIR DIE PERIODE 1 JANUARIE 2018 TOT 31 MAART 2018 (8/1/B/2)

Artikel 6(3) van die *Supply Chain Management*-Regulasies bepaal dat daar op ‘n kwartaallikse basis aan die Uitvoerende Burgemeester verslag gedoen moet word aangaande die werksaamhede van die betrokke afdeling.

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word van die kwartaallikse verslag van die Voorsiening-kanaalbestuursbeleid se implementering vir die periode 1 Januarie 2018 tot 31 Maart 2018, wat ingevolge artikel 6(3) van die Regulasies voorgelê moet word asook die verslae van die Formele Tenders (Aanhangsel A), Informele Tenders (Aanhangsel B) en die Afwykingsverslag (Aanhangsel C);

(b) Dat verder kennis geneem word van die dienste wat vir dieselfde periode gelewer is, met verwysing na die uitsonderings waar dit onprakties sou wees om die mark te toets en gevolglik aanleiding gegee het tot ‘n afwyking van die verkrygingsprosesse ingevolge paragraaf 2(6) van die Voorsiening-kanaalbestuursbeleid (Bylae D).

7.3 SONDEZA AFRI-JEUG INISIATIEF: EVALUERINGSVERSLAG 2017 (17/2/2/1)

Die 14de Sondeza Afri-Jeug Inisiatief het plaasgevind by Ganzekraal vanaf 1 tot 10 Desember 2017.

Die doel van die Sondeza Afri-Jeug Inisiatief is om jeugdiges van die Weskus en internasionale lande bymekaar te bring om diverse kulture te ervaar en om leierskapvaardighede te ontwikkel.

Die voorsitter, met verwysing na die getuigskrif ontvang vanaf Hoërskool Graafwater, noem dat die waardetoevoeging in die lewens van die leerders wat dit bywoon, nie onderskat moet word nie.

Die evalueringsverslag vir 2017 is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT dat kennis geneem word van die inhoud van die Sondeza Afri-Jeug Inisiatief se Evalueringsverslag vir 2017 soos opgestel deur die kamp-koördineerder.

7.4 BELEID INSAKE ONDERSTEUNING IN GEVAL VAN RAMPE (MET SPESIFIEKE VERWYSING NA DIE AFBRAND VAN WONINGS EN ANDER KLEINER RAMPE) (17/5/B)

Die doel van die beleid is om sekere kategorieë van belastingbetalers by te staan in tye van nood, met spesifieke verwysing na huise wat afgebrand het of kleiner rampe soos vloede, windstorms, ens.

Die gewysigde beleid, nadat dit deur die rampbestuurskomitee hersien is, is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT dat die hersiende Beleid insake Ondersteuning in geval van Rampe (met spesifieke verwysing na die afbrand van wonings en ander kleiner rampe) deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee met onmiddellike effek goedgekeur word, onderhewig daaraan dat die rapportering van die ramp binne een (1) maand moet geskied.

7.5 VASSTELLING VAN KAPITAALONTWIKKELINGSBYDRAES VIR 2018/2019 (15/1/B)

Swartland Munisipaliteit beskik oor vier beleide ingevolge waarvan kapitaal-ontwikkelingsbydraes gehef word, naamlik:

(1) Meesterplan vir toekomstige ontwikkelings in Malmesbury, die sogenaamde “Green Fields Development Policy”;
(2) Ontwikkelingsbydrae-beleid vir die Riebeek Vallei;
(3) Beleid vir kapitaalbydraes vir grootmaatdienste, die sogenaamde “Brown Fields Policy”;
(4) Kapitaalontwikkeling-heffingsbeleid t.o.v. Yzerfontein.

’n Tender is onlangs toegeken aan die firma *CK Rumboll en Vennote* om groeimodelle vir die munisipale gebied teen einde Oktober 2018 op te stel. Die opgradering van die meesterplanne vir grootmaatdienste sal aan die hand van die groeimodelle gefinaliseer word. Na afhandeling van die spesialisstudies sal dit moontlik wees om ’n eenvormige Kapitaalontwikkeling-heffingsbeleid vir die Swartland op te stel.

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word van die proses om ‘n nuwe Kapitaalontwikkeling-heffingsbeleid op te stel en die finalisering van die spesialisstudies rakende groeimodelle en meesterplanne om as basis te gebruik vir die berekening van kapitaalbydraes;

(b) Dat die bestaande besluit insake die vrystelling van betaling van kapitaalbydraes op ontwikkelings van 100m² en kleiner aan ondernemings en nywerhede in die Riebeek Vallei, ten opsigte van die 2018/2019 finansiële jaar bevestig word;

7.5/...

(c) Dat werklike koste kapitaalbydraes van toepassing sal wees op alle ontwikkelings, soos bepaal en bereken deur die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste en die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste;

(d) Dat die aangehegte kapitaalontwikkelingbydraes vir die 2018/2019 finansiële jaar goedgekeur word:

(i) Greenfields"-kapitaalontwikkelingbydraes – Malmesbury (Bylae "A");
(ii) "Brownfields"-kapitaalontwikkelingbydraes – Swartland Munisipale Gebied (Bylae "B");
(iii) Kapitaalontwikkelingbydraes – Riebeek Vallei (Bylae "C");
(iv) Ontwikkelingsbydraes vir grootmaatdienste – Yzerfontein (Bylae “D”);

(e) Dat ’n korting van 40% op bogenoemde kapitaalontwikkelingbydraes ten opsigte van die 2018/2019 finansiële jaar toegestaan word, omrede:

(i) As 'n aansporing te diens om ontwikkeling te bevorder en belegging te lok;
(ii) Die feit dat, tot tyd en wyl die nuwe Kapitaalontwikkeling-heffingsbeleid geïmplementeer word, die berekening van kapitaalontwikkelingbydraes ingevolge die bestaande beleide nie in ooreenstemming is met nuwe wetgewende voorskrifte nie;

(f) Dat ontwikkelaars ’n ooreenkoms met die Munisipaliteit moet aangaan met betrekking tot die betaling van kapitaalontwikkelingbydraes ingevolge die bestaande beleide.

7.6 HUUROOREENKOMS: DEPARTEMENT: OPENBARE WERKE (17/9/2/R)

Die Departement van Openbare Werke huur tans ’n gedeelte van die perseel by die Dieprivier Sportgronde as parkering vir mobiele eenhede, sowel as die Krieketklubhuis se waglokaal.

Die betrokke departement kon nog nie daarin slaag om ’n alternatiewe perseel te bekom nie en versoek goedkeuring om die huurooreenkoms tot en met 30 Junie 2018 te verleng.

BESLUIT

(a) Dat ‘n huurooreenkoms met die Departement Openbare Werke, m.i.v. 1 April 2018, aangegaan word vir die huur van die fasiliteite vir ‘n verdere tydperk wat strek tot en met 30 Junie 2018;

(b) Dat die huurgeld vasgestel word op R1000,00 per maand plus BTW;

(c) Dat die vasgestelde huurgeld elektrisiteits- en waterverbruik insluit.

7.7 TENDER L06.17.18: VERVREEMDING VAN BESIGHEIDSEIENDOM TE DARLING (12/2/B)

Staan oor tot die volgende vergadering.

7.8 UITSTAANDE DEBITEURE: MAART 2018 (5/7/1/1)

’n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT dat die Raad kennis neem van die verslag aangaande die stand van Swartland Munisipaliteit se uitstaande debiteure vir Maart 2018.

7.9/...

7.9 VORDERING MET UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise tot en met 31 Maart 2018 soos met die sakelys gesirkuleer;

(b) Dat, met verwysing na die diefstal van munisipale bates, die voorsitter opdrag gee om innoverende te begin dink en oorweging daaraan te verleen om persone wat diefstal aanmeld vir die inligting te beloon;

(c) Dat die voorsitter opdrag gee dat streng opgetree word teenoor voertuig-bestuurders wat stopstrate en verkeersligte ignoreer.

7.10 VERLENGING VAN VERKLARING VAN 'N PLAASLIKE RAMP BINNE DIE GRENSE VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALITEIT AS GEVOLG VAN DIE DROOGTE (17/5/1/1)

Die Uitvoerende Burgemeester het op 28 Junie 2017 die Swartland munisipale area tot 'n rampgebied verklaar weens die erns van die aanhoudende droogte en die water skaarste wat ondervind word.

Die aanvanklike verklaring is geldig vir 'n periode van drie maande, waarna dit op 'n maand-tot-maand basis verleng moet word.

Die situasie het intussen nog nie verander nie, en is 'n verlenging van die verklaring nodig om nasionale en provinsiale ondersteuning te verkry in oplossings om volgehoue watervoorsiening te verseker.

BESLUIT

(a) Dat die Uitvoerende Burgemeester ingevolge artikel 55(5)(c) van die Wet op Rampbestuur, Wet 57 van 2002, die verklaring van die Swartland munisipale gebied tot 'n plaaslike ramp weens die aanhoudende droogte met gepaardgaande water skaarste verleng vanaf 11 Mei 2018 tot 10 June 2018;

(b) Dat 'n versoek aan die Weskus Distriksmunisipaliteit gerig word om die verlenging van die verklaring tot 'n plaaslike ramp te ondersteun;

(c) Dat die goedkeuring van die verlenging van die verklaring aan Provinsie gestuur word vir publikasie in die eersvolgende Provinsiale Koerant.

7.11 VERLENGING VAN VERKLARING VAN 'N PLAASLIKE RAMP BINNE DIE GRENSE VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALITEIT: BRAND BY SWARTLAND HOSPITAAL(17/5/1/1)

Die verklaring van die Swartland Hospitaal tot 'n plaaslike ramp is na oorlegpleging met die betrokke Provinsiale Departemente en die Weskus Distriksmunisipaliteit in die Provinsiale Koerant, No 7785 van 23 Junie 2017 afgekondig.

Die verklaring is aanvanklik vir 'n periode van drie maande van krag, waarna dit op 'n maand-tot-maand basis verleng moet word.

BESLUIT

(a) Dat die Uitvoerende Burgemeester ingevolge artikel 55(5)(c) van die Wet op Rampbestuur, Wet 57 van 2002, die verklaring van die Swartland Hospitaal as gevolg van die verwoestende brand tot 'n plaaslike ramp verleng vanaf 27 April 2018 tot 28 Mei 2018;

(b)/...

7.11/...

(b) Dat ‘n versoek aan die Weskus Distriksmunisipaliteit gerig word om die verlenging van die verklaring tot ‘n plaaslike ramp te ondersteun;

(c) Dat die goedkeuring van die verlenging van die verklaring aan Provinsie gestuur word vir publikasie in die eersvolgende Provinsiale Koerant.

7.12 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGPROSEDURES: NOOD OPRUIMING VAN OPENBARE OOPRUIMTES (8/2/2/1)

Die onwettige stort van rommel, wat insluit dooie diere en organiese materiaal, op meentgronde en openbare oop ruimtes regoor die munisipale gebied is ’n groter wordende probleem.

Nadat verskeie klagtes in hierdie verband ontvang is, is daar besluit om weens die gesondheidsrisiko wat hierdie tipe rommel inhou, en die feit dat dit vererger word deur die droogte wat tans ervaar word, ’n nood opruimingsaksie te loods.

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word van die opdrag van die Munisipale Bestuurder om drie kippervragmotors en een TLB vanaf *Louw Diggers* te huur teen die bedrag van R170 430,00 (BTW ingesluit) en dat die aksies van die Munisipale Bestuurder dienooreenkomstig gekondoneer word;

(b) Dat daar vanaf die voorgeskrewe verkrygingsprosedures afgewyk word vir die volgende redes:

(i) uiterste onhigiëniese en ongesonde toestande ontstaan het weens die onwettige storting van, onder andere, dooie diere en organiese materiaal op meentgronde en publieke oop ruimtes;
(ii) voormelde toestande vererger word deur die droogte en die feit dat die publiek vrye toegang het tot hierdie gebiede en dit ’n groot gesondheidsrisiko inhou;
(iii) ’n nood opruimingsinisiatief van stapel gestuur is om die gesondheidsrisiko wat hierdie toestande meebring te mitigeer;

(c) Dat kennis geneem word dat daar voldoende fondse beskikbaar is en dat die uitgawe van R170 430,00 (BTW ingesluit) verreken word teen mSCOA pos: 9/242-237-1183;

(d) Dat die Snr Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde rede as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.13 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGPROSEDURES: DIENS EN HERSTELWERK AAN “AERZEN BLOWER UNIT”, MALMESBURY WWTW (8/2/2/1)

Die membraantegnologie van die Malmesbury Rioolsuiweringswerke maak gebruik van vier *Aerzen*-blasers wat noodsaaklik is vir die belugting gedurende die biologiese behandelingsproses. Een van die blasers het ontklaar geraak en is op ’n dringende basis herstel.

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word van die opdrag van die Munisipale Bestuurder om voort te gaan met die diens en herstel van die *Aerzen*-blaser eenhede by the Malmesbury Rioolsuiweringswerke deur *Aerzen Airgas (Pty) Ltd* teen die bedrag van R90 686,33 (BTW ingesluit) en dat die aksies van die Munisipale Bestuurder dienooreenkomstig gekondoneer word;

(b) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsproses soos volg aangeteken word:

7.13/...

(i) *Aerzen Airgas (Pty) Ltd* lewer die ondersteuningsdiens in Suid-Afrika vir die Duitse vervaardigde *Aerzen*-blaser eenhede;
(ii) Die diens word slegs deur *Aerzen Airgas (Pty) Ltd* gelewer;

(c) Dat kennis geneem word dat daar voldoende fondse beskikbaar is en dat die uitgawe van R90 686,33 (BTW ingesluit) verreken word teen mSCOA pos: 9/2239-57-1041;

(d) Dat die Snr Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde rede as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.14 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGPROSEDURES: NOOD HERSTEL VAN RATKAS VAN BELUGTER: DARLING WWTW (8/2/2/1)

Die mikro-organismes wat verantwoordelik is vir die biologiese behandelingsprosesse is afhanklik van 'n konstante toevoer van suurstof. Wanneer die belugters nie voldoende suurstof voorsien nie kan dit lei tot ’n totale bedryfsteuring in die proses en in die kwaliteit van rioolafloop.

Dit was dus noodsaaklik dat die belugter by die Darling Rioolsuiweringswerke so spoedig moontlik herstel word.

BESLUIT

(a) Dat die aksie van die Munisipale Bestuurder gekondoneer word om toestemming te verleen vir die herstel van die ratkas van die belugter by die Darling Rioolsuiweringswerke deur *GW Trautman* vir die bedrag van R70 662,10 (BTW ingesluit);

(b) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosesse soos volg aangeken word:

(i) die belugter sou vir ’n lang tydperk buite werking gewees het;
(ii) voormelde sou aanleiding gee dat die biologiese reaktor faal en die totale suiweringsproses in so ’n mate beïnvloed word dat die kwaliteit van die rioolafloop skadelik vir die omgewing sal wees;
(iii) die herstel van die ratkas is dus as ‘n noodgeval hanteer;

(c) Dat kennis geneem word dat daar voldoende fondse beskikbaar is en dat die uitgawe van R70 662,10 (BTW ingesluit) verreken word teen mSCOA pos: 9/2239-57-1041;

(d) Dat die Snr Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde rede as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.15 TWEEDE WYSIGING VAN 2017/2018 MIG-PROJEKIMPLEMENTERINGSPLAN (5/9/2/6/1)

Die Raad het gedurende Maart 2018 addisionele MIG-fondse van R3 miljoen ontvang en moet die allokering van die fondse in die MIG-projekimplementeringsplan dienooreenkomstig deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee goedgekeur word.

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word dat die 2017/2018 MIG-toekenning vir Swartland Munisipaliteit verhoog word met R3 miljoen vanaf R21 608 000,00 na R24 608 000,00;

(b) Dat, ten einde ‘n 100% MIG-spandering te bewerkstellig, die addisionele fondse na reeds bestaande MIG-projekte geallokeer moet word;

7.15/...

(c) Dat die volgende projekte en begrotings vir die gewysigde MIG-projek-implementeringsplan vir die 2017/2018 finansiële jaar goedgekeur word:

Nr	Project	Budget	
1	Rehabilitate Water Networks *(WC1287/W/14/17)*	R	3 989 630.00
2	Malmesbury De Hoop: New Reservoir *(WC/1649/W/16/19)*	R	537 531.00
3	Malmesbury De Hoop: External Sewer *(WC/1650/S/16/20)*	R	10 833 184.00
4	New Sports Grounds: Chatsworth *(WC1605/CF/16/18*)	R	5 547 655.00
5	Riebeek West IRDP: Ext. Stormwater *(ST/WC/14499/17/19)*	R	2 877 940.00
6	R-West Housing, Ext Water *(ST/WC/1689/W/17/19)*	R	622 060.00
7	Moorreesburg WWTW upgrade *(269989)*	R	200 000.00
	TOTAL	**R**	**24 608 000.00**

(d) Dat die gewysigde MIG-projekimplementeringsplan voorsien word aan die Departement van Samewerkende Regering en Tradisionele Sake.

7.16 GOEDKEURING VAN DIE GEWYSIGDE TELEKOMMUNIKASIEBELEID (4/7/2/1)

Die besluit deur die Bestuurspan dat amptenare self verantwoordelik is om versekering vir selfone uit te neem, het ‘n wysiging van die Telekommunikasiebeleid te weeg gebring.

Die wysiging is aan die Arbeidsforum op 11 April 2018 voorgelê en is besluit om die wysiging na die Uitvoerende Burgemeesterskomitee aan te beveel. Daar word gevolglik –

BESLUIT dat die gewysigde Telekommunikasiebeleid goedgekeur word vir implementering met ingang van 1 Julie 2018.

(GET) T VAN ESSEN
UITVOERENDE BURGEMEESTER